Hillcrest Hoërskool

# Afrikaans Eerste Addisionele Taal V3

November 2013

Eindeksamen

Graad 11

Punte: 100

Tyd: 2uur

Hierdie vraestel bestaan uit10 bladsye

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A : Opstel (50)
   AFDELING B : Langer transaksionele teks (30)
   AFDELING C : Korter teks: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste (20)

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Jy moet AL jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

5. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Doen dit in potlood. Trek 'n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

6. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A : 80 minute
   AFDELING B : 40 minute
   AFDELING C : 30 minute

7. Nommer elke teks soos dit op die vraestel genommer is.

8. Skryf die titel/opskrif van elke teks bo-aan jou skryfstuk neer.

9. **LET WEL:** Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

10. Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan elke teks.

11. Skryf netjies en leesbaar.

12. Vul jou buiteblad volledig in.

***STERKTE!!!***

Afdeling A: Opstel

Vraag 1

- Kies EEN onderwerp en skryf 250 – 300 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan.
- Onthou beplanning.

## 1.1 As jy na jou lewe kyk, waar sien jy jouself oor 10 jaar?


**Ons het almal planne of idees oor ons toekoms. Wat beplan jy vir jou toekoms? Gaan jy studeer? Gaan jy reis? Wanneer en met wie wil jy trou? Waar wil jy woon?**

**Skryf nou 'n bespiegelende opstel en vertel daarvan.** **[50]**

**OF**

## 1.2 *Jy het 'n miljoen rand gewen.*


**Waar / hoe het jy dit gewen? Wat het jy met die geld gemaak? Vertel jou storie.** **[50]**



**OF**

1.3 **GEWELD in ons Land!!!!!!!!**

Volgens die nuutste statistieke het geweld en misdaad in ons land gedaal. Stem jy saam met hierdie stelling? Sê JA of NEE en in 'n argumenterende / beredenerende opstel verduidelik hoekom jy so sê. [50]




**OF**

1.4 **AS JY ENIGE PLEK IN DIE WÊRELD KAN WEES, WAAR SAL DIT WEES EN HOEKOM ?**
Verduidelik in 'n beskrywende opstel. [50]

**OF**

1.5 **MY ROLMODEL.......**
Skryf 'n opstel waar jy sê wie jou rolmodel is en hoekom? [50]








**OF**

1.6 **Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor. Gee jou skryfstuk 'n titel. Jou opstel moet direk by die prent aansluit.**

1.6.1 [50]




**OF**

1.6.2 [50]



**OF**

1.6.3




[50]

**TOTAAL AFDELING A: 50**


## AFDELING B : LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120 – 150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan die skryfstuk neer.
- Onthou om eers te beplan en 'n eerste poging te skryf.
- Skryf die getal woorde onderaan.

2.1 <u>VRIENDSKAPLIKE BRIEF</u>

Jy is, net soos Chris in "Engelman", in 'n oorsese land, ver van die huis af en het 'n werk daar. Skryf nou 'n brief aan jou ouers om vir hulle te vertel van al jou ondervindinge: waar/saam met wie jy woon, wat die werk is wat jy doen, die mense saam met wie jy werk en elke dag ontmoet en wat daar is om te doen. Vertel ook van 'n snaakse of hartseer insident.




[30]

**OF**

2.2 <u>DIALOOG</u>

Die graad elf leerlinge het baie belangrike besluite om te neem aan die einde van graad elf, soos byvoorbeeld of hulle gaan aansoek doen as prefekte, wanneer hulle, hulle leerling lisensies gaan skryf, waar en wat hulle wil studeer na matriek, ensovoorts.

Praat nou met 'n maat oor al hierdie belangrike kwessies (issues) en vertel aan mekaar wat julle besluite is/was. Skryf die gesprek in dialoogvorm neer. Onthou die formaat



[30]

**OF**

2.3 HULDEBLYK

Jou geliefde vriend/vriendin is verlede week oorlede. Jy gaan 'n huldeblyk by die begrafnis lewer.

Skryf 'n huldeblyk waarin jy hom/haar vereer (honour).

Jy moet belangrike feite oor die persoon se lewe insluit. Vertel 'n bietjie van julle vriendskap en waarom hy/sy so spesiaal was.



[30]

**TOTAAL VIR AFDELING B : 30**

**AFDELING C : KORTER TEKS: NASLAAN-, INFORMATIEWE EN TRANSAKSIONELE TEKSTE**

**VRAAG 3**

- Kies EEN onderwerp en skryf 80 – 100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp bo-aan.
- Onthou om te beplan en 'n eerste poging te wys.

3.1 <u>DAGBOEKINSKRYWING</u>

Jou geliefde troeteldier is weg. Skryf in jou dagboek daaroor en vertel hoe hartseer jy is en hoe jy na hom/haar verlang. Noem wat die diertjie vir jou beteken het, hoe lank hy/sy al in jou lewe is en wat jy sal doen as jy hom/haar net terug kan kry.



[20]

**OF**

3.2 <u>E-POS</u>

Jy en jou maat het stry gekry. Jy het 'n paar lelike dinge vir jou maat gesê waaroor jy nou baie jammer is.

Jy voel te sleg om met die persoon te praat, daarom stuur jy vir hom/haar 'n e-pos. Vra nou om verskoning en verduidelik hoekom jy so lelik was.

Trek die onderstaande e-pos vorm oor in jou antwoordboekie en vul dit dan in.

Van:__________________________________________________________

Aan:__________________________________________________________

Gestuur:____________________________________________________

Onderwerp:__________________________________________________

____________________Boodskap ______________________________

[20]

**OF**

3.3 ADVERTENSIE

Dit is amper vakansie en jy wil graag motors was om geld te verdien.

Maak 'n advertensie wat jy by die winkelsentrums kan opsit om kliënte te kry. Onthou om alle besonderhede in te sluit soos telefoonnommers, prys, adres en die verskillende pakkette wat die mense kan verwag, soos net 'n was of 'n was en afdroog, ensovoorts.

Maak dit kleurvol en interessant!




[20]

**TOTAAL VIR AFDELING C : 20**

**SOMTOTAAL : 100**